DIE AAMBEELD

KWARTAAL 1:2017

Drostdy oorheers

Die WP/Wynland Kampioenskap het op 11 Maart by Breërivier plaasgevind. Die uitslae was 'n vooruitwysing na een van die suksesvolste SA-kampioenskappe in baie jare.

Dit het begin by elke trekker wat elke middag sy alles gegee het en soms moes daar harde woorde val om almal doelgerig en gemotiveerd te hou. Dié trekkers het ongeveer twee honderd vier en twintig ure geoefen gedurende hierdie seisoen. Die rooi hemde het elke middag hul fiksheidsroetine afgewissel - pyntuin, bulte by Langerug, *buddy-pt* en soms selfs joga. Hierna het ons gemiddeld twee uur per dag aan die tou spandeer. Mee. Franci Roos en Helena Grobbelaar was in beheer van fiksheid en nog nooit was ons seuns en dogters in so 'n afgeronde toestand nie. Ons het elke Saterdag van krag tot krag gegaan en die afrigters moes kopkrap om die regte spanne te kies. Die tafel was gedek vir 'n onvergeetlike WP/Wynland kampioenskap.

Die uitslae was fantasties. Drostdy word die WP/Wynlandkampioene in al die gewigte - behalwe die 440kg A-span. Die dogters maak skoonskip!
Na hierdie suksesvolle naweek was 'n oefenkamp op 17 en 18 Maart net die regte medisyne waar die spanne vir oulaas kon saamoefen. Die kinders wat oorgewig was, het met swartsakke gedraf om die laaste bietjie vog uit te sweet en alle stysel moes teen dié tyd reeds gesny wees. Ons was uiteindelik gereed vir SA's...

Die seuns en meisies het hierdie jaar SA's oorheers en soveel beter gedoen as verlede jaar. Daar is 'n totaal van ses goue medaljes, ses silwer medaljes en een brons medalje verower.
Weereens het die dogters skoonskip gemaak. Ons dogterspanne het almal goue medaljes verower. Die seuns het in twee afdelings goud verower en in vier gewigte die silwer gevat.

Daar was met elke prysuitdeling 'n Drostdy span op die podium. Ons kan met trots sê dat ons span die beste gevaar het van alle klubs by die SA's. Ons 480 kg dogterspan en 520-gemengde span sal later vanjaar aan die Wêreldkampioenskap in Engeland deelneem.

Ons wil net baie dankie sê vir tannie Lynn en tannie Karen vir al die *Game*, seer bene en arms se uitdruk en al die oggende wat hulle vroeg opgestaan het vir ons Donkies. Baie dankie tannie Franci en tannie Helena vir al die fiksheid - dit het ons rêrig gehelp. Oom Nollie, oom Eric, oom Willem, oom Paul, oom Peertjies, meneer Oupie, meneer Van Lill, tannie Vicki en tannie Estelle - dankie vir julle geduld aan die tou, daai laaste kragtrek by die drom en die laataande se oefening. Dankie vir oom Marius se moeite by die spanne en al oom se motivering.

Christiaan du Plessis

Die 480 seuns en dogters - goud!

'n Woord van die Redaktrises

Jani Janse van Rensburg

2017 het vir my begin voordat 2016 behoorlik kon eindig. En voordat 2017 behoorlik kon begin het, is daar ook net nege maande oor. Ons nuwe graad 8's het vinnig hul voete gevind, ons atleitek het weereens uitstekend gedoen en die wintersporte is alreeds hard aan die oefen. Drostdy is vir my soos 'n kampus op sy eie, alles is hier wat jy nodig het en elkeen doen sy ding op sy eie manier. Ek is opgewonde oor die jaar wat alreeds aan die gang is, net soos Mnr Underhay altyd sê: "You ain't seen nothing yet", weet ek 2017 gaan 'n groot jaar vir ons skool wees.

Aan al die graad agts, mag jy jou vyf jaar in hoërskool gate uit geniet, en aan die al die matrieks, dis die laaste jaar van skoolklere dra en netjies in rye loop. Ja, ons wens die tyd verby, maar sodra dit verby is, is daar geen omdraaikans nie. Geniet elke oomblik en waardeer elke oomblik.

Die lewe is soos 'n treinreis: 'n Mens is heeltyd op pad. Die trein hou aan loop, of 'n mens afklim of nie - stoom dit onstuitbaar voort. Maak jou 2017 die moeite werd, maak jou lewe die moeite werd en maak elke dag die moeite werd. Sê vir jou ouers dankie, lag meer, bid langer en wys jou liefde vir ander. Onthou altyd dat die belangrikste projek waaraan jy kan werk.

Yvette van der Walt

Aan die einde van 2016 het ons almal rondgeskarrel vir 'n ekstra bietjie kennis wat ons kon help om goeie resultate te behaal. Die eindeksamen was lank, en daardie Desembervakansie het darem tog net te ver gevoel. Ons was tog maar net té verlig toe ons die Desembersonnetjie op ons velle kon voel en die seesand tussen ons tone.

Tog het ons almal êrens in die vakansie iets van die skool gemis, of dit nou jou vriende, onderwysers of net die gevoel van die Donkie-familie bymekaar was. En daarom was ons vol opgewondenheid oor 2017, en toe daardie vuurwerke skiet en die nuwe jaar aankondig, kon die opgewondendheid uiteindelik 'n werklikheid word.

Daar het in hierdie kwartaal só baie wonderlike dinge gebeur. Van ons Kleureatletiek, Groentjiekonsert, Interkoshuisaktiwiteite, koshuisaande, sokkies, Mnr en Mej Drostdy en natuurlik die skool se 114de verjaarsdag. Ons sporthelde het uitstekend gevaar en ons is trots op al die buitemuurse aktiwiteite. En met die mini-eksamen agter die rug het ons besef dat 'n vakansie weereens vir ons wag...

Ek het goeie nuus vir al die Drostdyers en lede van die Drostdy-familie: Psalm 18:31 "God se pad is volmaak. Die Here se woorde is betroubaar. Hy beskerm dié wat by Hom skuil." Geniet die vakansie en die tydjie saam met die familie.

Die tale wat ons praat

Meneer Steijn maak keel

Die indrukwekkende jong seun lyk netjies in sy skooldrag. Sy voorkoms straal 'n positiewe beeld uit, todat hy sy mond oopmaak . . .

Vloek, swets, die gebruik van gekruide taal of kragwoorde. Dit maak nie regtig saak wat jy dit noem nie, ons vloek, en sommer baie. Dit is hartseer dat ons as Donkies, vloek as die norm in plaas van die uitsondering begin sien. Waar leerders alleen is word die f-woord en ander kragwoorde en ook God se naam ruimskoots gebruik in gesprekke. Seuns vloek voor meisies en baie meisies vloek lekker saam.

Hoekom dan? Het ons almal by ons ouers geleer swets?

Die sielkunde stel dit dat die gebruik van kragwoorde 'n tipe ontlading is. Dit help ons glo om onsself duidelik uit te druk. Hulle wil dit amper as terapeuties beskryf. Die gewilde f-woord het sy oorsprong in die Germaanse tale en dateer van die 13de eeu af. Dit word egter vandag gebruik as 'n werkwoord, selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord en sommer as tussenwerpsel.

Hoekom dan baklei teen die tendens? Vloek almal nie maar nie en vloek ons nie al eeue lank al nie?

Hier is egter 'n paar redes hoekom ons nie moet vloek nie:

-Dit gee aanstoot vir mense wat nie elke tweede word uit die toilet gaan haal nie.

-Dit is net eenvoudig ongeskik.

-Dit is selfgesentreerd. Sommige mense vloek wanneer en waar hulle wil of daar mense is wat aanstoot kan neem of nie.

-Hoe jy oefen, is hoe jy speel. Vloek word so 'n gewoonte dat ons dit oral en in enige situasie begin doen, selfs by die kerk.

Een van die vrugte van die Gees is selfbeheersing. Dit kom daarop neer dat jy die vryheid het om iets te doen, maar KIES om dit nie te doen nie. Hoekom kan ons as Donkies nie KIES om nie te vloek nie?

Uiteindelik praat dit wat NIE by jou mond uitkom nie baie harder as die vloekwoorde wat jy skreeu.

Brilliant Young Donkeys hou Gala-aand

Deur Bianca Gertsner

"Dis lekker om 'n 'nerd' te wees." Só het die gasspreker van die aand, Kenny O'Kennedy, sy toespraak ge - open by die Gala-aand van 24 Januarie. Die aand was 'n spogaand waar elke leeder, wat 'n A-gemiddeld ver-werf het tydens die Novembereksamen van 2016, erkenning ontvang het vir sy/haar harde werk.

Sy tema vir die aand: *"Watter raad sou jy vir jou 16-jarige self gee?"* Hy het verskeie van sy kollegas en mentors gevra wat hulle vir hulself sou sê en die meeste het geantwoord dat hulle wens hul eerder na hul ouers geluister het toe hul jonger was en nie hul eie denke gevolg het nie. Hy het bygevoeg dat jy waarskynlik eers teen die ouderdom van veertig hierdie beginsel sal kan verstaan en waardeer, en daarom dit belangrik geag het om dit met die Donkies te kom deel. Ander het gesê dat dit belangrik is om 'n balans tussen sport-, akademiese-, kultuur- en sosiale aktiwiteite te handhaaf. Die storie van Rosie, die tweede hand by sy werk, het almal se harte geraak, waar hy vertel dat hy haar eendag op haar knieë raakgeloop het toe sy besig was om vloere te was. Toe hy vir haar egter hierdie selfde vraag vra, was haar antwoord dat sy vir haar sestienjarige-self sou sê om altyd op haar knieë te bly voor die Here. Dit sluit só mooi aan by ons skool se leuse: "Labora Deo Confidens" wat sê werk terwyl jy op God vertrou.

Ons wil dankie sê aan mnr. O'Kennedy wat hierdie lewensadvies met al die BYD's gedeel het asook aan al die onderwysers en ouers wat die aand moontlik gemaak het. Ons glo en vertrou dat die Donkies hierdie boodskap ter harte sal neem en dit sal uitleef.

Ons is 'n skool en die akademiese vordering van ons leerders is die eerste prioriteit.

"Pliggies" eindig 2016 goed...

12A Gemiddeldes

Na baie ekstra klasse, harde werk en laataande se leer, het die matriekgroep van 2016 weereens bewys wat in hulle steek. Die akademiese jaar was goed afgesluit met 'n 100% slaagsyfer en 12A gemiddeldes. Die klas van 2017 het beslis 'n groot skoen om vol te staan!

Ons topkandidate deel hul wenresep:

Arstrid Bothman

As jy moeg word en moed verloor, visualiseer jou toekoms en doelwitte en gebruik dit dan as jou brandstof. Sodra jy jou ingesteldheid teenoor iets positief raak, sal jy ook beter presteer. Oortuig jouself dat jy van elke

Marilie Mathee

Werk van die begin af hard aan jou Hoërskoolloopbaan. Dit help nie jy wil in die middel wegspring nie. Werk altyd met 'n doel in sig. Sodra jy weet wat jy wil bereik na skool maak dit dit baie makliker om hard te werk. Moet nooit uitstel nie; doen alles wat jy kry dadelik. Jy weet nooit wat môre inhou nie.

Tania Venter

Luister in die klas en doen elke dag jou huiswerk. Dan het jy klaar omtrent die helfte van die werk geleer. Boonop is dit dan nie nodig om tot drie-uur in die oggend te leer nie.

Wes-Kaap atletiek

Deur Yvette van der Walt

Op 18 Maart 2017 het nege van Drostdy se atlete aan die Wes-Kaapbyeenkoms deelgeneem by die Dal Josafat atletiekstadion in die Paarl. Dit het uitstekend gegaan met ons atlete en ons wil elke atleet gelukwens met hulle uitstekende resultate. Die resultate was soos volg:

Anel Pienaar	3de Gewigstoot, 1ste Diskusgooi (0/19)
Gerrit van Zyl	2de Spiesgooi (0/17)
Elize Hugo	3de 100m-hekkies (0/17)
Hugo Mostert	3de 100m (0/15)
Hanje van Tonder	3de Spiesgooi (0/15)
Genieva Alkaster	2de Verspring (0/15)
JP Snel	1ste Verspring (0/14)
Nayron Solomons	2de 200m (0/14)
Johané Neethling	1ste Diskusgooi (0/14)

Vier van ons atlete het deurgedring om in Durban na die Suid-Afrikaanse kampioenskap te gaan. Ons glo dat Anel Pienaar, Hugo Mostert, Johané Neethling en Genieva Alkaster die kampioenskap terdeë sal geniet. Ons hou styf duimvas vir julle!

INTERKOSHUIS SWEMGALA

Die interkoshuis swemgala was inderdaad 'n baie opwindende gebeurtenis. Die kinders het al weke lank uit gesien vir die swemgala. Dit het op 4 Februarie 2017 plaas gevind. Dit was talle pret om te sien hoe swemmers hul als gee om hul koshuise trots te hou. Die koshuise het hul swemmers aanhou motiveer om die 25 meter klaar te swem. Die gees wat daar was, was onbeskryflik, die leerders wat kom ondersteun het, het hul keelgate hees geskreeu. Geluk aan Dorp wat in beide afdelings met die bekers weggestap het. Dit was regtig 'n groot belewenis, veral vir die gr 8's en nuwe leerders.
Die uitslae is soos volg:

MEISIES:

2de-Bergsig	**179 punte**
1ste-Dorp	**234 punte**

SEUNS:

3de-Stalshuis	**127 punte**
2de-Noordsig	**146 punte**
1ste-Dorp	**161 punte**

Dit was groot pret en dit het 'n positiewe effek op die leerders gehad, nie net vir hulle groot drome gegee nie, maar ook bewys dat met harde werk jy enige iets kan bereik. Soos die sportmanne altyd sê: "Harde werk wen talent as talent nie hard werk nie."

Praters maak 'n punt

Deur Susan Viljoen

Op 23 Februarie het Jan en San publiek vergader in die skool se biblioteek om hulle Donkie-opinies te lig.

"Moet die Wes-Kaap tolpaaie kry of nie?"
'n Onvoorbereide redenaars wat HTS Drostdy nie sommer gou sal vergeet nie.

Ons is baie trots op Bergsig en Noordsig wat die topsprekers van die dag gelewer het. Ons hoop dat Drostdy se redenaars selfs meer sal uitbrei in die toekoms en dat ons selfs meer versteekte talente sal ontdek. Ons wil graag die personeel bedank wat die dag moontlik gemaak het en baie moeite en tyd ingesit het. Ons hoop dat die ondersteuning en deelname meer sal uitbrei en dat selfs meer leerders in die toekoms sal deelneem.



Bo: Meneer Rico Hunter trek die sneller terwyl die koshuise toekyk.

Drostdy atlete blink uit

Armand van Rhyn

Op 21 Januarie het Drostdy gaan deelneem by Stellenberg se uitnodigingsbyeekoms. Drostdy het 125 Atlete gehad wat deelgeneem het. Die skole teen wie Drostdy deelgeneem het, was Stellenberg, Durbanville, Paul Roos Gimnasium, Bloemhof meisieskool, Porterville en Outeniqua. Drostdy eindig algeheel derde tydens die byeenkoms en verower 21 goue, 22 silwer en 18 brons medaljes.

LINKS: Drostdy behaal eerste en tweede plek by die Prestige-byeenkoms.

Die volgende atlete verbeter rekords:
- Francois Marais 0/15 seuns 3000m, met 'n tyd van 10:23.10
- Anel Pienaar 0/19 dogters diskus, 39.76m
- Christi Grobbelaar 0/17 seuns behaal vir die 400m 'n tyd van 52.39s, asook 0/17, 400m hekkies 'n tyd van 56.96s.
- JP Snell seuns 0/14 verspring, 5.60m

Anel Pienaar is aanghewys as die beste dogteratleet van die dag.

Op 27 Februarie het Drostdy gaan deelneem aan Paarl Boys High se uitnodigingsbyeenkoms. Ons het baie goed gedoen en het veral by die 100 meter skoonskip gemaak. Verdere uitslae is egter nie bekend nie, omdat 'n kragonderbreking die byeenkoms onderbreek het.

Op 3 Februarie het Drostdy vier ander skole verwelkom om deel te neem aan die jaarlikse Prestige Atletiekbyeenkoms. Skole wat deelgeneem het is Curro Mosselbaai, Strand, Punt en Milnerton. Drostdy het 130 atlete gehad wat deelgeneem het. Ons wen die byeenkoms gemaklik en verdien altesaam 51 goue, 53 silwer en 35 brons medaljes.

Beste Prestasie van die dag by Drostdy is:

Hugo Mostert seuns 0/14 100m	11.50s
Shaun Albertus seuns 0/17 100m	11.30s
Shaun Albertus seuns 0/17 200m	23.2s
Anel Pienaar dogters 0/19 diskus	39.59m
Bea Wolfaardt dogters 0/14 gewigstoot	10.24m
Anel Pienaar dogters 0/19 gewigstoot	10.04m

Shaun Albertus is aangewys as die Victor Ludorum van die byeenkoms.

Op 11 Februarie het 70 van Drostdy se atlete deelgeneem aan die Worcester - Sone Atletiekbyeenkoms. Drostdy se atlete het 32 goue , 27 silwer en 11 brons posisies verower. Al 70 atlete het deurgedring na die Noord-Boland kampioenskap.

Op 18 Februarie het 70 van ons atlete op Bonnievale aan die Noord-Boland atletiekbyeenkoms gaan deelneem. 54 atlete het deurgedring om te gaan hardloop op Dal Josafat in die Paarl op 3 en 4 Maart en deel te neem vir die Noord-Bolandspan in die Boland kampioenskap.

REGS: Jason gee sy alles in die lang-afstand-wedloop.

Stoei is nuwe *cool*

Deur Yvette van der Walt

Drostdy-stoei het hierdie jaar slegs uitgeblink. Hul eerste toernooi het in Brackenfell plaasgevind waar hulle die beste deelnemers van die dag was, maar dit was nog net die begin.

Vir die eerste kwartaal is daar reeds meer as vyftig medaljes verower waarvan twintig van hulle goud is. Voor die Suid-Afrikaanse proewe is daar baie hard geoefen en Drostdy kan met trots sê dat ons drie verteenwoordigers in die SA-stoeispan het. Hierdie drie verteenwoordigers is Jacques Luddik en Xander Coetzee (beide graad 11-leerders) asook Jason Beukes (oudleerder van HTS Drostdy).

Hierdie stoeiers is tans hard aan die oefen vir die Wêreldkampioenskap en ons hoop saam met hulle vir uitstekende uitslae.

Baie geluk aan elke stoeier asook aan Kurt Hertzog vir die pragtige uitslae wat sy stoeiers behaal het.

Drostdy-swemmers het 'n slag

Deur Yvette van der Walt

Die afgelope swemseisoen het net uitstekende uitslae vir Drostdy gelewer. Drostdy se eerste swemgala van die jaar was by die Jack Curnie byeenkoms wat op 3-5 Februarie plaasgevind het. Hier het Claudi Bester een goue, twee silwer en twee brons medaljes verower. Sumari Pretoruis het ook aan hierdie gala deelgeneem en verower een goud en twee silwer medaljes.

Op 15 Februarie swem agt van Drostdy se swemmers by die Hopefield uitnodigingsgala en stap weg met 4 goue-, 7 silwer– en 9 brons medaljes.

Drie swemmers het uitstekende uitslae by die Frank Myburgh Twilight Gala wat op 23 Februarie plaasgevind het, behaal. Jason Stevens behaal 'n 4de plek in die 50m-vlinderslag, Arno Visser behaal 'n 2de plek in die 50m-rugslag en Cameron Mostert behaal 'n 3de plek in die 50m-borsslag.

Op die 4de Maart was ons swemmers nog steeds nie moeg geswem nie en gaan neem deel aan die Rûens Kollege Somergala. Met 'n totaal van twaalf swemmers wen Drostdy 16 goue, 14 silwer en 2 brons medaljes.

Ons is baie trots op al die swemmers wat hierdie seisoen baie goeie prestasies behaal het.

Tennisspelers beleef besondere seisoen

Drostdy se seunspanne het hierdie jaar, soos in die verlede, 'n besondere suksesvolle seisoen beleef. Die eerstespan het net een keer gelykop gespeel. Die tweede-, derde- en vierdespanne was weereens vanjaar onoorwonne in hul onderskeie ligas. Baie geluk manne!
Ons dogterspanne het net so 'n suksesvolle seisoen gehad. Die eerstespan het geen nederlae gehad nie. Die tweedespan het net een keer gelykop gespeel en die res gewen. Die derde- en vierdespanne het al hul wedstryde gewen. Wel gedaan!

Die volgende spelers behaal Kavaliers-Noord:

Seuns 0/15:

Frederik Botha	No 3
SW Zeeman	No 4

Seuns 0/17:

Ben-Ernst Botha	No 2
Carel Marais	Reserwe

Seuns 0/19:

Philip Cornelissen	No 2
Christiaan de Villiers	Reserwe

Dogters 0/15:

Carien Reynecke	No 1
Stefmarie Burden	No 4

Meisies 0/17:

Marli le Roux	No 1

Meisies 0/19:

Celine van Wyk	No 2
Anette Viljoen	Reserwe

AGNES PAUW 2017

Ons is weer na die Agnes Pauw toernooi genooi. Drostdy het baie goed presteer en ons het 5de geeïndig. Baie geluk aan al die tennisspelers.

Windgewere g'n buksies

Hierdie was 'n vol kwartaal vir Drostdy se skuts. Elke middag het hulle gewerk aan die perfekte telling. Mnre. Arno Gerber en Kallie Alberts is die manne aan die stuur van sake en hulle harde werk, en die skuts s'n natuurlik, is besig om die mooiste vrugte te lewer.
Dit gebeur nou sommer by elke kompetisie dat ons tuiswaarts keer met 'n klomp medaljes om die nek. Tydens die tweede Wes-Kaap kompetisie behaal ons die volgende pragtige uitslae:
Adriaan Alberts verwerf in die 0/21 sporter-afdeling 'n silwer medalje.
Sean Williams verwerf in die 0/16 sporter-afdeling ook 'n silwer medalje.
Flip van der Merwe verwerf in die 0/16 sporter-afdeling 'n brons medalje.
Een van ons skuts het ook geskiedenis gemaak toe sy die eerste dogter geword het om tydens haar eerste kompetisie 'n medalje te verwerf. **Chris-Mari Snyman** is die uwe. Julle seunskinders moenie met hierdie meisie mors nie - sy skiet nie mis nie!
Om alles te kroon, is Adriaan Alberts genooi om aan die proewe in Gauteng te gaan deelneem. Tydens hierdie proewe word daar 'n span saamgestel wat in Amerika gaan deelneem. Adriaan, ons almal wens jou voorspoed toe. Ons sal jou vordering stip dophou.

Flip, Sean, Adriaan en Chris-Mari

Wilgerlatte aan die brand

Groot dinge is besig om daar onder by die krieketnette te broei. Ons weet dat Drostdy hierdie seisoen vier spanne in die veld gestoot het en dat daar ongelooflike oorwinnings behaal is. Die B-spanne het grootliks deur die week gespeel en die o/15 B-span kry dit reg om slegs een wedstryd te verloor. Die o/19 B-span tree onoorwonne uit die stryd!
Die A-spanne het swaarder getrek, maar geen van hul nederlae was van wegholaard nie. Die eerstespan het groot oorwinnings teen Swartland, Swellendam en Weston behaal.
Die afrigters, mnre. Janse van Rensburg en Swart is vuur en vlam en die entoesiasme waarmee hulle afrig is aansteeklik. Die span het die seisoen afgesluit deur 'n wedstryd te gaan kyk waar hulle die Cape Cobras en die Lions kon ontmoet.
Ons het ook 'n voëltjie hoor fluit dat mnr. Dawie de Lange se dogterspan in die vierde kwartaal hul eerste wedstryd gaan speel. Ons sien uit.

VCSV

Links:Najwa Julies , wenner van die VCSV naamloodsing.



Deur Jani Janse van Rensburg

Talle leerders, meestal graad 8's het kom aansluit om die Here se naam groot te maak in die skoolsaal. Hierdie kwartaal het ons net weereens besef dat ons 'n *awesome* God dien wat gewone mense gebruik om Sy werk te doen. Ons spog die jaar met ons eie band, "Movement", wat besig is om hard te oefen vir toekomstige *Praise and Worship* aande.

n Hoogtepunt vir die kwartaal, wat die VCSV betref, is dat die VCSV dit goedgedink het om 'n nuwe naam vir HTS DROSTDY se VCSV te kry. Elke leerder het die geleentheid gekry om 'n moontlike naam te gee en die betekenis daarvan. En ons kan met trots bekend maak dat die nuwe VCSV se naam *IMPRINT* is. Dit is uitgedink deur 'n graad tien leerder Najwa Julies. Hierdie besonderse naam beteken "made in His image."

Oom Hansen Preuss het die jaar by die VCSV aangesluit en dit is 'n groot voorreg om hom by ons te hê. Daar is alreeds groot veranderinge gemaak. Ons kan spog met 29 kringleiers en ongeveer 250 leerders wat by die VCSV betrokke is, dit is die meeste in 'n lang tyd.

VCSV besig om te bid vir die skool.

Hearts on fire in Drostdy



Deur: Elizé Lottering

Wie sou dink dat soveel kinders so geraak sou wees deur drie mense se boodskap oor die Here.

Op 31 Januarie 2017 het tannie Suzanne van Ablaze, oom Stefan van YWAM (Youth With a Mission) en Ryan, 'n jong sendeling van Pennsylvanië (Amerika), die Here se boodskap en wonderwerke met ons kom deel.

Ryan is 'n jongman wat die wêreld vol toer om die woord van die Here te verkondig. Met sy jong gees en baie energie het hy almal se aandag behou en ons van groot wonderwerke vertel. Ook van hoe hy vir mense aanhou bid het sonder ophou en hoe die Here hulle genees het.

Daarna het oom Stefan ons vermaak met sy eie kookklas. Ons het 'n heerlike sjokoladekoek gemaak en hy het vir ons 'n paar lewenslesse geleer deur die verskillende bestanddele te gebruik. Het jy al gesien dat 'n eier byvoorbeeld heeltemal anders as die res van die bestanddele lyk, maar dat die eier steeds 'n spesifieke doel in die koek het? Party bestanddele lyk weer baie na mekaar, maar smaak heeltemal verskillend en het 'n ander doel om by te dra tot die heerlike eindresultaat. Meng al die unieke bestanddele saam, sit dit in die oond, en jy kry 'n smaaklike sjokola - dekoek! Net so maak 'n klomp unieke persone, elkeen deur God geskep, 'n samelewing waar elkeen sy doel het en as een liggaam op aarde saamwerk en -leef vir Hom.

Ons het afgesluit met 'n klomp van YWAM se jongmense wat vir ons in groepies gebid het. Dit is waar die meeste leerders se harte geraak is en sommer in trane uitgebars het oor die Here se groot werk in ons lewens.

Een boodskap wat regdeur die aand gevloei het - ***sonder Jesus se liefde is ons niks.***

MATRIEKS MAAK DIE KAAP WEER HOLLANDS



Deur Tania Venter

Op Donderdag, 2 Maart , het die Matrieks van 2017 hul Matriekdag gehad. Die dag word spesiaal deur die skool vir hulle gereël om te wys dat hulle raakgesien en waardeer word. Dit was 'n snikhete dag, maar daar was geen perke aan die opgewondenheid wat in die busse geheers het nie en hulle het moedig uitgehou.

Die eerste stop was by die V&A Waterfront, waarna hulle kon eet en bietjie rondloop. Die hoogtepunt was natuurlik die teater. Op pad na Theatre on The Bay, was die son besig om te sak oor die see. Dit het vir 'n prentjiemooi uitsig gesorg. Die Matrieks het *Joseph and The Technicolour Dreamcoat* gaan kyk en met elke applous kon mens duidelik hoor hulle geniet dit baie.

Baie dankie aan al die personeel wat gehelp het om die spesiale dag te reël en die wat saamgegaan het om toesig te hou. Ek glo dat elke Matriek die dag geniet het en dat dit 'n dag is wat hulle nog lank sal onthou.

Die matrieks in ligter luim

Drostdy blaas 114 kersies dood!

Mari Möller

Hulle sê hoe ouer 'n mens word, hoe minder sien jy uit na jou verjaarsdag. Maar in Drostdy werk dinge mos anders en hier word verjaarsdae net groter, beter en lekkerder.

Op Maandag , 13 Februarie 2017, het HTS Drostdy sy 114de verjaarsdag gevier. Die oggend het al die leerders in volle skooldrag saal gehad. Elke klas in die skool moes 'n spesifieke kleur kolwyntjie bring. Die kolwyntjies was tydens saalperiode op 'n groot houtbord , waarop die skool se wapen geverf was , uitgepak. Daar was meer as 'n 1000 kolwyntjies uitgepak en met die oorspronklike idee, deur Pieter Möller, is daar omtrent foto's geneem. Na saalopening is daar vir die skool gesing en elke leerder kon 'n kolwyntjie op die spesiale dag geniet.

Ons wil net baie dankie sê aan elke ouer en leerder wat betrokke was by die poging. Veral aan Pieter Möller en sy ma wat die bord vir ons geverf het en gesorg het dat alles glad verloop.

Drostdy het 'n geskiedenis soos geen ander skool in Suid-Afrika nie. Ons is gestig na die Anglo-Boereoorlog om sendelinge op te lei om die wêreld in te stuur. Die skool het intussen al baie verander, maar tog het ons opdrag dieselfde gebly! In watter mate is ons nog besig met hierdie opdrag? As ons na die groei en verwikkelinge by die VCSV kyk, wil dit voorkom asof ons steeds getrou is.

Kom Drostdy! Kom ons maak 2017 'n jaar waartydens ons terugkeer na ons oorspronklike opdrag soos dit in die Bybel staan en soos ons wonderlike skool se fondasies gegrond is.



Die skool se wapen uitgebeeld met kolwyntjies, uitgedink deur Pieter Möller.

Skaak goed op dreef

Deur: Juf Thea Krouwkam

Vanjaar is die skaak baie aktief en daar is omtrent 50 spelers wat in die middae en in pouses oefen.

Die volgende leerders is gekies vir die Noord-Boland skolespan:

Jean-Jacques Augustyn
Stean Engelbrecht
Renee Jefta
Shaniel Pietersen
Melissa Behm
Esli-Ray Theron
Allanique Mei
Albrecht van Zyl
Daniel Joubert
Adriaan Alberts
Juan van Zyl

Jean-Jacques en Stean gaan in April vir Boland uitspeel.

Skaak verg geduld uithouvermoë en baie oefening.

Ons nooi almal uit om deel te word van die skaak familie. Dalk ontdek jy 'n geheime talent!

1999 tot Die laastes van die 1900's ... 2017

Om in matriek te wees, is sekerlik een van die lekkerste fases in jou lewe. Dis dan wanneer al die laastes gebeur en jy opgewonde kan wees oor jou toekoms. Wees gou eerlik, hoeveel van julle ma's het 'n laaste eerste skooldag foto geneem?

Dan is daar boonop die matriekdag, matriekafskeid, uitstapdag en matrieknaweek om na uit te sien.

Die afgelope 12 jaar het julle hopelik besef watter gawes julle by die Here gekry het. Jy het nou al gesien of jy die potensiaal het om n ingenieur te word, vir die Stomers te gaan speel en of jy 'n akademiese reus is. Graad 12 is een van die belangrikste jare waar jy kan bepaal of jy jou toekoms se deure kan oopmaak of nie . Onthou net altyd - elkeen van julle gaan een of ander tyd die ge - leentheid kry om jou gawes uit te leef.

Julle is nou in julle laaste jaar van julle Hoërskool-storieboek. En die einde is nader as wat jy dink. Druk deur vir die laaste rukkie, al irriteer die kinders jou hoe baie, al is die skoolklere hoe warm of al is die huiswerk en take hoe lastig en geniet elke oomblik daarvan.
Want...
oor tien jaar gaan jy dit mis.

Work until you are proud

Matrieks van 2017:
Ons het nou al so ver gekom, en dit was 'n ongelooflike besige kwartaal en dit gaan boonop nog erger wees volgende kwartaal en die kwartaal daarna. Maar, ek weet dat vir elkeen van ons is matriek sover nog net lekker. Mag julle julle laaste jaar in die hoërskool ongelooflik baie geniet en elke oomblik met volle ywer aanpak. Onthou altyd om jou beste te gee. Al neul almal so in ons ore oor die akademie is dit tog die belangrikste. Maak die beste van jou laaste skooljaar.
Madré Burden

En die eerste kwartaal van ons laaste skooljaar is verby! Dit was besig, baie dinge het gebeur en ons was so besig dat ons nie regtig gefokus het op akademie soos almal wil hê ons moet nie. Of dis hoe ek voel. Geniet die vakansie , rus 24/7, want ek is seker daarvan - as die tweede kwartaal eers begin, gaan daar geen einde wees nie. Geniet die laaste twee volle kwartale in Drostdy wat voorlê, want meeste van ons, hopelik almal, gaan net een keer in matriek wees!
Daniël Lombard.

Die "Matriek survival kit"

Som elke dag se werk in die middae op. Dit klink aaklig en so "nerdy", maar aan die einde van die jaar gaan daar net eenvoudig nie tyd wees om alles op te som nie.

"Prioritiseer" soos Juffrou van Deventer altyd sê. Daar is 'n tyd en 'n plek vir alles. Almal is besig, matriek is besig, maar daar is 'n tyd vir sosiaal, sport en leer.

Eet gesond en kry genoeg oefening. 'n Gebalanseerde leef-styl dra by tot n gelukkiger jy. As jy gelukkiger en gesonder is, leer jy vinniger en makliker.

Ontspan Vrydae middae na 'n harde week. Dis okay om nog Tom en Jerry te kyk, of Johnny Bravo. Wat van The Flinstones? Jy is nooit te oud om iets te doen nie.

Werk na iets toe. Stel vir jou 'n mikpunt vir die einde van die jaar en werk daarvoor.

Geniet elke oomblik. Baie van ons is geneig om nou net die jaar verby te wens. Dit gaan egter so vinnig verby dat ons dit nie geniet nie. Geniet dit; jy gaan dit nooit weer oorhê nie.

MNR EN MEJ DROSTDY 2017

Deur Zoë Zeeman

Die aand begin met 'n ontploffing van *Rock 'n Roll* en trek dadelik almal in die gehoor se aandag. Almal is vol selfvertroue wanneer die vele ure se harde oefening, laat aande en seer lywe inskop en nie teleurstel nie. Die dansies is wonderlik gechoreografeer deur juffrou Suanne Swart- so opwindend dat almal bang is om iets te mis. Agter die gordyne kon jy, verby die reuk van haarsproei, die senuwees van die deelnemers in die atmosfeer aanvoel, terwyl hulle rondskarrel om reg te maak vir hulle volgende kans om hulself aan die beoordelaars te bewys.

Die optredes tussenin was besonders en het almal stomgeslaan met hoeveel talent daar werklik in Drostdy is. Die pragtige stem van Etloné Nolte het almal hoendervleis gegee. Die elegante ballet-optrede van Suné Conradie en Talitha Pretorius het die saal na 'n ander wêreld geneem. Die *band* se optrede was 'n hoogtepunt. Die gashere van die aand - Ulrich en Shamim - was uitstekend en het almal aan die giggel gehou regdeur die aand. Te danke aan al die borge, beoordelaars en natuurlik juffrou Rensia Vermeulen, wat al haar krag en tyd ingesit het, was die aand 'n groot sukses.

Die oomblik het aangebreek toe ons deelnemers van rocksterre na prinse en prinsesse moes verander en die beoordelaars die groot keuse moes maak...

Spieëltjie, spieëltjie aan die wand...

By die Juniors:

2de Prins en Prinses:
Philip Alberts en Chris-Mari Snyman
1ste Prins en Prinses:
Olè Apollis en Mia Ramsauer
Mnr en Mej Donsie:
Danté Burger en Katinka Naudé

By die Seniors:

2de Prins en Prinses:
Jacques Mostert en Maryka van Deventer
1ste Prins en Prinses:
Piet Liebenberg en Nola Mulder
Mnr en Mej Drostdy:
Juan Oliphant en Talana Fourie

Mnr en Mej Donsie 2017



Mnr en Mej Drostdy 2017

Drostdy heet 2017 welkom...

Deur Yvette van der Walt

Hierdie jaar het Drostdy besluit om dinge 'n bietjie anders te doen. Ja, ons het die eerste kwartaal welkom geheet. Nie net met die tradisionele saalopening nie, maar op die eerste Vrydag van die nuwe kwartaal het die graad nege tot twaalfs sokkie in die MJ de Wet gehou.

"If you liked it, you should've put a bow on it!"

Die tema was "Strikke en Dasse" en die aand... suksesvol. Die aand van 13 Januarie het beslis die nuwe kwartaal met 'n hoogtepunt afgeskop. Met meel op die vloer terwyl leerders kaalvoet oor die dansvloer gly, kon leerders nie anders as om dit net te geniet nie. Die graad 8'ies kon ongelukkig nie hierdie geleentheid bywoon nie, omdat dit nog in hul ontgroeningstydperk geval het, maar die res van die skool het die beste van die aand gemaak en tot die laaste liedjie gespeel het, gedans dat die meelwolke staan.

'n Drostdy-inisiatief

Ons bedank die graad 11-VRL en juffrou Karen le Roux wat die hele sokkie gereël het en dit LAAT gebeur het, asook almal wat betrokke was. Met hierdie passie en geesdriftigheid kan 2017 absoluut niks minder as nóg 'n suksesvolle Donkie-jaar wees nie.

Fenominale Koshuisaande

Deur Minette Visagie, Shanidine en Shelene Bezuidenhout

Hierdie nuwe aktiwiteit in Drostdy skep 'n gevoel van gees in al die koshuis-Donkies se harte. Die plan met die koshuisaande is om 'n eenheid te skep tussen koshuiskinders. Dit is om die tyd weg van die huis te geniet en om sterk verhoudings te bou met jou medekoshuismaats. Volgens Ulrich Schreuder, 'n koshuisinwoner van Noordsig Koshuis, is die koshuis dit wat Drostdy MAAK.

Watter aktiwiteite word daar nog beplan? Wel, dis eenvoudig. Enigiets van talentkompetisies, swembadpartytjies en fliekaande onder die sterre. Dis hierdie aande wat die koshuiskinders se harte laat warm klop.

Die idee agter die koshuisaande is egter nie om die dorpskinders uit te sluit nie, maar om deelname onder die koshuiskinders te verbeter. Drostdy wil die koshuiskinders motiveer om harder te leer en hulle verantwoordelikhede na te kom. Om te streef na iets. Om hard te leer vir die kwartaaltoetse wat op Donderdae oggende geskryf word en om die aand lekker saam met jou vriende te ontspan. Leerders word egter aangemoedig om steeds hard te leer en goeie resultate voort te bring, want hierdie koshuisaande is slegs 'n voorreg.

Ons is opgewonde oor die res van die jaar en dankbaar vir al die geleenthede wat vir ons in hierdie wonderlike skool gebied word.



BO: Die graad 8's het hul heel eerste Valentynsdans by Drostdy beleef. 'n Ware belewenis, nes Drostdy.

Love is in the air...

Op die 10de Februarie het ons jaarlikse Valentynsdans plaasgevind. Dit het groot opwinding onder die Donkies veroorsaak en hulle het behoorlik die rokkies en seuns se koppies laat draai. Nie net was daar 'n "photobooth" nie, maar ook mededinging om titels soos: "beste danspaartjie" en "verliefste paartjie." Michiel Basson en Lisa Stoltz en Melandi Laubscher en Jesse Griessel het weggeloop met die pryse. Verliefdes, enkellopendes, paartjies, hartgebrokenes... ons glo almal het dit vreeslik geniet. Dit was sonder twyfel 'n aand wat enige iemand weer in die liefde sou laat glo... Lank lewe die liefde!

Drostdy se sexy manne by Slanghoek.

Philip met pragtige Carla aan sy sy.

Bestuurskomitee kaalvoet-sokkie Stellenbosch aan die brand

Skop uit jou skoene
daardie aand gaan begin,
langarm witwarm die stof gaan
draai om en om
draai om en om....

Vanjaar se Bestuurskomitee het behoorlik op 9 Maart gesprankel by die Paul Roos-Bal op Stellenbosch. Skoolklere is verruil vir netjiese hakke en strikdasse .
Daar is eers in Slanghoek mooi foto's gaan neem deur oom Hansen Preuss en daarna is hulle saam met oom Paul en mnr. Van Wyk Stellenbosch toe.

Die Paul Roos-bal is al vir jare 'n geleentheid waar verskeie skole se Leerlingrade bymekaarkom, ontspan, nuwe mense ontmoet en net lekker dans. Meer as 700 leiers in die Kaapland is op die aand verteenwoordig . Die tafels was mooi gedek, meisies mooi aangetrek en die kos was uit die boonste rakke.
Nie net het Eduard 'n klomp meisies "opgeline" nie, Ulrich het ook lekker weggelê aan die *lamb shank* en *fudge* poeding.
Die Paul Roos-bal is beslis een van die geleenthede waarna die Bestuurskomitee jaarliks uitsien. Ou pelle is weer raakgeloop en hegte vriendskappe is gebou.
Ons Bestuurskomitee het in swier gekuier en gedans. Dit was beslis iets spesiaals om te onthou.

OPEDAG

Deur Nadine Fick en Michelle Hendriksz

Op Dinsdag 7de Maart 2017, het die skool weer hul jaarlikse Opedag gehad vir al die voornemende gr.8's van 2018. Klasse is meer as een keer uitgevee, gange is mooi versier en almal het hul beste voetjie voorgesit. In die oggend was daar 'n saalsessie vir die ouers en kinders waarna die onderwysers die ouers en kinders deur die skool begelei het. Later die middag is al die kinders heerlik verwelkom en is toe in ses verskillende, musiekgebaseerde groepe verdeel. Die ouers is ook deur die skool begelei na al die stasies wat hulle kinders besoek het. Daar was sewe verskillende stasies wat die kinders meer van Drostdy geleer het:

IGO : Waar die toekomstige onkies 'n klein voorsmakie gekry het van hoe die tekeninge werk.

Biologie en Skeinat : Hier het die onderwysers vir die groepe 'n paar eksperimente gewys en ook hoe 'n koei se longe werk.
Siviel : Waar meneer Bennie en sy kranige matrieks almal bietjie meer van paaie en brugbou geleer het.
Meganies: Alles oor enjins!
Elektries en vir die eerste keer, die Sandput ook. Die konsep van die Sandput is op interessante maniere aan die kinders en ouers voorgestel(kom ons sê net 'n paar slim mense en 'n 3D-drukker was teenwoordig) .
Die opedag het 'n lekker 'vibe' geskep terwyl die groepe hulle genre musiek van stasie tot stasie gespeel het . Die groepleiers het baie lekker tye gehad met die groepe en het ook vir hulle 'n paar nuwe 'dans-moves' geleer. Die aand is afgesluit met Timbuktu, wat deur die Revue van 2016 gedans is. Elke graad 7-leerder het saamgedans en vir sy/haar ouers gewys wat in hulle steek.

Quik Silver
1
2
3

KLAS VAN 2021...

Ongeveer 210 nuwe graad agts het op Sondag 8 Januarie 2017 hul eerste spore in die groot skool getrap. Daar is in koshuiskamers ingetrek, trane is afgevee en ma's en pa's het behoorlik gegroet. Toe Mamma en Pappa se kar wegtrek, het die Donkielewe vir al die vulletjies begin. Die Bestuurskomitee, onder leiding van Albert le Roux, het die graad agts gedurende hul kamp georiënteer. Hier is hulle gebrei vir die grootmenswêreld en ware Donkies is gevorm. Van kamp, groentjiekonsert en baadjieseremonie het die graad agts die storieboek van hul Hoërskoolloopbaan in HTS Drostdy begin skryf. Hulle het darem die eerste kwartaal oorleef, en ons weet hulle sal in hulle vyf jaar by Drostdy elke jaar die moeite werd maak om te onthou. Welkom in die Drostdy-familie!

Graad agts laat die potte kook!

Deur Kaitlen Barry

Hulle sê honger is die beste kok en vir die nuwe leerders van HTS Drostdy was dit heeltemal waar. Op Vrydagmiddag, 13 Januarie, was dit die graad agts se atletiekbyeenkoms en potjiekoskompetisie. Die potjiekoskompetisie was 'n geleentheid vir al die graad agts en hul ouers om mekaar te leer ken en vriende te maak.

'n Graad 8-leerder (Naomi Terblanche) het gesê: "Dit was baie lekker en ek voel dat dit wonderlik is dat al die ouers so goed oor die weg gekom het met mekaar. En die feit dat ons na n heerlike aandete kon uitsien, was 'n bonus."

Drostdy se Graad 8-Potjiekoskompetisie is 'n wenplan. Baie ouers was skepties oor hoe dit gaan werk, maar hier is nuwe vriendskappe gesmee, lekker gelag en goeie samesyn geniet. Die hoogtepunt was toe oudskoliere mekaar weer na jare raakgeloop het.

Hierdie kan gerus een van Drostdy se tradisies word.

Die manne in aksie



BO: Die klas van 2021 leer die "Drostdy-bom" by die graad 8-kamp, waar hulle ook mekaar vir die eerste keer as lede van die Drostdy-familie leer ken het.

Graad 8-inhuldiging skop af met 'n "BANG!"

Deur Esli-Ray Theron

Die kamp was 'n belewenis op sy eie. Hier leer 'n vul of vulletjie die waardes van Drostdy: liefde, respek, trots en verantwoordelikheid. Hulle word op die kamp ontvang deur die BK-leerders en die onderwysers wat hulle help om jou maats en klasmaats te leer ken voor die res van die skool kom.

"Om van 'n laerskool van net oor die 60 kinders na 'n hoërskool van meer as 200 graad 8-leerders te gaan, is 'n uitdaging en ek kan nie dink hoe dit sou wees as almal gelyk op jou afstorm nie!", sê een van die graad 8's.

Die graad 8's moes Sondag by die koshuis wees en die ouers kon hulle help om hulle kamers in te rig en toe, na middagete in Noordsig, moes al die ouers groet sodat die kamp kon begin.

Hier leer jy jou plekkie gou ken deur aktiwiteite soos die Groentjie-konsert, waatlemoenfees, waterkaskenades en nog vele meer. Ons kan nie aan enige beter manier dink om jong Donkies te laat tuis voel nie.

Links: Die dorpies kon ook koshuiskos proe.

THYSIE O THYSIE, WANNEER SAL JY TOG OOIT LEER?

Deur Johané Neethling

Ligte , Kamera , Aksie!
Thys (Francois Marais) is 'n nuwe leerder in HTS Drostdy. Nadat hy sy vreeslik besorgde ouers en verwarde oupa gegroet het, gewaar hy die pragtigste meisie in Graad 8 genaamd Annetjie. Hy probeer sy bes om haar te beïndruk, maar sy planne val deur die mat. Dis eers nadat Thys gekroon word as *Drostdy Legend* dat Annetjie uiteindelik instem om sy meisie en metgesel na die Valentynsokkie te wees. Min weet Thys dat een van sy beste vriende, Sunette (Johane Neethling),al jare lank 'n sagte plek in haar hart het vir hom. Vinnig besef Thys dat Annetjie (Cameron Mostert) hom net vir haar eie, selfsugtige doeleindes gebruik en beeïndig die verhouding. Na baie oorreding het Dawid (Alex Avenant), die "stylguru", hom oortuig om die gemaskerde sokkie wel by te woon. Daar het Thys nóg 'n meisie gewaar en dadelik van sy gevoelens vergeet. Tot sy verbasing was hierdie meisie egter sy beste vriendin, Sunette!
Die Groentjiekonsert is 'n jaarlikse, goue geleentheid vir HTS Drostdy om te skaterlag vir die nuwe graad 8's. Elke jaar is uniek en die komiese tonele verbaas ons jaar na jaar. Hierdie jaar is daar egter meer gefokus op die romanse wat onder die groentjies blom...
Elke klas het die geleentheid gekry om te dans en deel van die toneel te wees. Daar is hard geoefen en baie sweet afgevee. Maar die toneelstuk, geskryf deur Shamim Gallie en Astrid Bothman, sal beslis nog lank onthou word.



LINKS: Thysie probeer om Annetjie se hart te verower.

Nuwe VRL lede gekies:



Baie geluk aan die nuutverkose graad 8 graadverteenwoordigers. Mag julle Drostdy se naam hoog hou en daar waar julle is, wys julle is ware Donkies. V.l.n.r. Louie Drake, Bea Wolfaart, Miné le Roux en Danté Burger.

Volwaardig Donkie

Deur: Katelein Barry en Johane Neethling

Liefde, Trots, Verantwoordelikheid en Respek is die vier waardes wat die nuwe Onkies van 2017 moes bemeester vanaf 8 Januarie tot en met hul baadjie-oorhandiging wat op 23 Januarie plaasgevind het.
Met hul dasse en amptelike skoolbaadjies aan, het hulle in klasverband, die Drostdy-ritueel beleef en ons pragtige aambeeld met trots geslaan. Na afloop van die hartroerende geleentheid was daar omtrent 'n tranedal toe die ouers afskeid moes neem van hulle nuwe, volwaardige Donkies.
"Sjoe, daardie hamer was swaar!" is die mening van medeleerder, Robert Boucher, wat self n Onkie was. Sy vriend, Daniël Grové, sê dat hierdie beslis n belewenis was en dat hy dit enige tyd sal wil oorhê. Die baadjie-oorhandiging was 'n reusesukses. Baie dankie aan mnr. Underhay en sy span dat hulle vir die graad 8's 'n werklike gevoel van liefde gee en soveel moeite insit. Dit word opreg waardeer.



ONDER: Die baadjieoor - handiging en timmer van die aambeeld is een van Drostdy se hartstradisies.

Nuwe Onderwysers...

Vanjaar het Drostdy sommer baie nuwe onderwysers en internskappe bygekry. Mag julle elkeen gelukkig wees in Drostdy en die belewenis van die skool ervaar!

Juffrou Tarien De Wet

Van watter dorp is Juffrou ?
Bethlehem in die Vrystaat.

Het Juffrou enige vrees ?
Ja, ek kry FOMO baie erg!

Hoe belangrik is hokkie vir Juffrou ?
Nie baie belangrik nie, ek hou meer van netbal. Ek kan nie met 'n stok rondhol nie.

Juffrou Tarien en haar man

Meneer Rudolph le Roux

Mnr. Rudolph le Roux

Wat dink Meneer van Drostdy se 40min lange pouse?
Wonderlik!
Mooiste dier ?
'n Donkie.
Gunsteling sport?
Rugby!

Mnr Wynand Roets

Wat is Meneer se wense vir die springbokke vanjaar?
Om 'n goeie jaar te hê , mooi en goeie rugby te speel en ons as Suid-Afrikaners trots te maak.

As u 'n dier kon wees, wat en hoekom?
'n Jack Russel, WANT HULLE IS ALTYD VOL LEWE EN WIL ALTYD SPEEL. En hulle het die lekkerste lewe en word altyd bederf!



Meneer Wynand Roets

Mnr CJ van Schalkwyk

Wat maak Drostdy anders ?
As iemand my vra wat Drostdy anders as die res maak, sal ek hulle die volgende antwoord: Vir iemand wat uit n seunskool kom, is dit vir my lekker om terug te wees in die opset en om te kan sien dat die trots nie verdwyn nie.

Is Meneer 'n Blou Bul ?
Ek is trots om te sê my bloed is blou en sal ook altyd bly en alhoewel ek nie saamstem met mnr. Underhay se rugbyspan nie, bly ek lief vir hom.

Meneer Edrich J.v.Rensburg

Meneer van Schalkwyk

A Teacher takes a HAND, opens a MIND and touches a Heart.

Mnr Edrich Jansen van Rensburg

In watter hoërskool was Meneer?
Hoërskool Outeniqua.

Wat is uniek aan Drostdy?
Die handeklap.

Gunsteling kleur?
Ligte blou.

Mnr. Gerrie Jacobus Scheepers

Wat inspireer Meneer?
Ek sê altyd: "Dis nie wat nie, maar hoe, wat saak maak." Mense wat die lewe met passie , lewenslus, toewyding en 'n positiewe gesindheid aanpak, inspireer my.
My broer is gestrem en is in 'n rolstoel en hy laat my elke dag besef wat dit beteken om voluit vir God te lewe al gaan dit soms moeilik. My ma het ook drie seuns self groot gemaak. Sy het n hart van goud, maar weet wat dit beteken om te bly droom en hard te werk.

Wat is Meneer se droom vir Drostdy ?
Elke mens het 'n lig binne in hulle. God se lig. Dit is elk van ons se verantwoordelikheid om ons eie lig te laat skyn in "high definition" As elke Drostdy-leerder sy/haar lig laat skyn, sal hierdie skool n besonderse plek wees.

Juffrou Nelmarie Claassen

Meneer Gerrie Scheepers

Juffrou Nelmarie Claasen

Hou Juffrou van Wiskunde?
Ja, natuurlik! Wie hou dan nou nié van Wiskunde nie ?

Wat is Juffrou se gunsteling woord om te sê?
FANTASTIES

Wat dink Juffrou van Drostdy se 40 min pouse?
Ek hou baie daarvan. Dit gee my tyd om verlore werk op te vang en die kinders is meer *energized* in die laaste twee periodes.

Mnr Ruben De Manielle

Wat is vir Meneer belangrik?
My familie en my vriende is vir my baie belangrik.

Wat is uniek aan Drostdy volgens meneer?
Die handeklap.

Het u enige troeteldiere ?
Ek het 'n klein worshondjie en sy naam is Percy.

Meneer Ruben De Manielle

Oom Hansen Preuss

Hansen Preuss is die splinternuwe berader / evangelis / fotograaf en motiveringspreker wat by Drostdy aangestel is. Hy het 'n hart vir kinders en 'n unieke benadering tot sy werk. Hy het 'n lang verbintenis met Drostdy en het reeds vorige jare gehelp met die graad agts se oriënteringsweek. Toe was dit reeds duidelik dat hy 'n besondere gawe het om met kinders te werk.
Sy uitgangspunt in die lewe is: Galasiërs 2:20 Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe in my. Die lewe wat ek nou op aarde leef, leef ek deur geloof in die Seun van God. Hy wat sy liefde vir my bewys het deur in my plek te sterf.

En daar is nog iets van hom wat julle nie weet nie!
HY KOM VAN RAWSONVILLE AF! :-)



Die eenvoud is in die detail!

Meneer JS Fourie

Hoe gereeld oefen Meneer?
Gereeld, moet my net nooit sê om te draf nie!

Wat is Meneer se gunstelingkos ?
'n Lekker "thick base" Roman's Pizza en beesstert-potjie.

Wat doen Meneer in meneer se vrye tyd ?
Ek hou daarvan om series te kyk.

Meneer JS Fourie

Drostdy kry 'n radiostasie...

Dis nou 'n nuwe een!

Indien daar enige versoeke of klagtes is kan dit by die rooi boks buite die Frikkie ingegooi word. Word deel van die belewenis.

Deur Minette Visagie:

Al ooit gehoor van 'n skool met 'n radiostasie? Nie net was dit die 40 minute lange pouse wat die jaar kinders se langdradige skooldae korter gemaak het nie, maar die radiostasie het beslis ook verskeie kinders se skooldae lekkerder gemaak.

Die radio is definitief Drostdy se inspirasiestasie. Dit is 'n radiostasie waar almal 'n stem kan hê, opstaan vir hulself en totaal en al "bud" kan wees.
Eerste pouses is dit tyd vir onderhoude voer met verskillende mense van die skool en tweede pouses, 'n volle 40 minute lank, word musiek van alle aard gespeel. Die radio - stasie het sommer vinnig die Donkies se plek geword. Wat die stasie so spesiaal maak, is dat die leerders , in beheer is van die radiostasie. Elke pouse is dit iemand anders se beurt om onderhoude te voer of musiek te speel. Hierdie oorsproklike konsep wat deur tannie Annemarie Underhay uitgedink is, is net weereens 'n bewys van hoe uniek Drostdy is.



Die radiostasie, in die Frikkie.

Donkies red weereens lewens

Deur Marli le Roux

Drostdy het op 23 Januarie 2017 liefde , trots , respek en verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap getoon deur 94 eenhede bloed te skenk. Die Drostdyers het behoorlik gebloei maar alles vir 'n goeie doel.
Drostdy is in Maart aangewys as die skool wat die meeste eenhede in die Wes-Kaap geskenk het. Mnr Eric van Wyk het die geleentheid bygewoon en vir ons 'n pragtige trofee huis toe gebring. Weereens die bewys dat ons Drostdyers uniek is.

Hoekom moet jy bloed skenk?

Dit red lewens. Duisende mense sou daagliks gesterf het as ander nie bloed geskenk het nie. Die maklikste manier om 'n held te wees, is om veilig bloed te skenk. Dink só daaraan: as jy elke 56 dae jou moue oprol, maak jy dit vir drie mense moontlik om meer tyd saam met hul geliefdes deur te bring.

Die mens se liggaam kan nie sonder bloed funksioneer nie, want bloed is nodig om voedingstowwe en suurstof na die organe en weefsels in die liggaam te vervoer. Dit beteken dat jy sal sterf sonder bloed. Geen baba sal ooit sonder bloed gebore word nie, want 'n swanger vrou se bloed verseker dat die fetus in die baarmoeder suurstof en voedingstowwe ontvang en terselfdertyd baat by die mamma se ingeboude immuniteit teen siektes.

Hoe word jy 'n skenker?

Voordat jy kan bloed skenk, moet jy 'n vraelys oor jou gesondheid en lewenstyl invul. Die vrae is daarop gemik om te verseker dat dit veilig vir jou is om bloed te skenk en dat jou bloed veilig is om te ontvang. 'n Vingerpriktoets sal ook gedoen word om jou ystervlak te toets en jou bloeddruk sal gemeet word om te verseker dat jy gesond genoeg is om bloed te skenk.

As jy vir die eerste keer bloed skenk, word jou rooibloedselle nie dadelik gebruik nie maar word jou plasma onder kwarantyn geplaas totdat jy weer bloed skenk. As al die toetse na jou tweede bloedskenking jou gesond verklaar, kan die plasma in kwarantyn gebruik word. Hierdie proses word ook gevolg as jy vir 'n lang tyd nie bloed geskenk het nie.
Sodra jy drie keer bloed geskenk het en al die bloedtoetse steeds negatief is vir seksueel-oordraagbare siektes, word al die komponente van jou bloed gebruik.

Die proses van bloedskenking



Kort,
korter,
kortste

Wat sê Wagter Slagtand?

HOËRSKOOL sonder die deel-
teken? Is dit werklik wat die meisies wil hê ander skole van ons moet dink? Dit is dalk sterk gestel, maar dit lyk tog so wanneer 'n mens na die skoner geslag se skooldrag kyk.
Wat my die meeste skok, is dat daar meisies is wat dink hulle lyk oulik met die rompies wat so kort is dat mens elke nou en dan 'n vlugtige kykie in hul persoonlike lewe kry. As die doel van die kort rompies is om ouens se aandag te trek, moet die skuldiges tog net asseblief wakker skrik. Sulke meisies besef dit dalk nie, maar hulle trek die verkeerde soort aandag. Ordentlike ouens hou van meisies met hul rompies vier vingers bo die knie.
So wanneer die volgende netheidsinspeksie kom en die meisies begin na skêre gryp om die soom vinnig uit te knip, dan staan jy trots met ' n groot glimlag in jou "lang" rok. Klere sê baie van die persoon wat die klere dra!

Survival Guide vir die tweede kwartaal:

Dit is weer sulke tyd . Elke naweek se sport en lang ure se bus ry. *No fear when Redaksie is near*, want hier is die nodigste van die nodigste vir jou survival:

Onthou jou oorfone. Dit is die beste ding om by jou te hê veral as al die ander kinders te veel raas.

Bring altyd 'n kussing saam. Om op jou pel se skouer te lê of teen die venster is nogals baie ongemaklik.

Pak vir jou kos in. Die hamburgers en pannekoeke wat altyd verkoop word, raak afgesaag.

Kry lekker mense om langs jou te sit. Goeie geselskap laat die eindelose paaie vinnig verbygaan.

Onthou jou slippers. Dit kan nogals 'n las raak om met jou toks in die bus te sit. Buitendien slippers is soveel gemakliker.

Onthou jou spuitgoed. Daar is niks so sleg soos verskillende sweetreuke nie.

Vat altyd 'n kombers saam, veral as dit koud word in die winter. Voor jy jou kom kry, sit almal onder jou kombers.



Familie

is soos takke aan
'n boom,
almal groei in
verskillende
rigtings
maar ons wortels
bly as een.

Gee my 'n man
wat sê wat waar is
as die duiwel daar is
Wat doen wat reg is
as die regter weg is
Wat trou by sy gewete bly
as hy straf in plaas van be-
loning kry.

GEBED: Here, vergewe my asseblief vir al die kere toe ek ook die waarheid skuins gedraai het om my beter te pas. Leer my asseblief om die waarheid so lief te hê as wat Uself die waarheid liefhet.
Amen.